TERME EN VOORWAARDES

1.WYSIGING VAN REëLS

Neethling Familie hier in verwys na as "Die Bestuur",bring die volgende terme en voorwaardes onder u aandag.Die bestuur behou die reg voor om die terme en voorwaades vir die gebruik en benutting van Eikebos Kampterrein in hul absolute diskresie sonder vooraf kennisgewing te wysig.

2. REG VAN TOEGANG VOORBEHOU

Die bestuur behou die reg voor om toegang en/of verblyf aan enige persoon of instansie te weier sonder openbaarmaking van enige rede. Bestuur sal verder geregtig wees om uitsetting te gelas van enige persoon wat nie die reëls nakom nie, lawaai, die rus versteur, 'n oorlas veroorsaak en of hom of haarself skuldig maak aan enige ander optrede wat daarop gerig is om die atmosfeer en gebruik van die kamp te ondermyn en of daarop inbreuk te maak, en meer in besonder ten aansien van die volgende, maar nie beperk daartoe nie:

2.1 Nie nakoming van hoeveelheid voertuie en aantal persone in kampterrein:
Vier (4) persone per staanplek(7 staanplekke),een(1) voertuig en (1) karavaan/tent,of `n enkel tent of 1 boswa
Indien daar meer as 28 persone (kinders van alle ouderdom tel as n persoon)is,sal daar addisionele koste per nag per persoon wees,maksimum 36 persone in kampterrein.Ekstra tent of voertuig sal slegs toegelaat word met vooraf goedkeuring en toestemming van die bestuur.

2.2 geen wanordelike gedrag sal geduld word nie en besoekers wat hul skuldig maak hieraan, sal gevra word om die kamp onmiddelik te verlaat;

2.3 die aanwending en of gebruik van die perseel vir 'n onwettige doel of die verlening van herberg aan addisionele persone as gevolg waarvan die maksimum hoeveelheid persone per staanplek oorskry word;

2.4 versuim om 'n staanplek te ontruim na afloop van 'n bespreking of nadat die gebruiker daartoe versoek is; besoeker moet kampplek skoon en netjies agter laat - vullis in drom plaas wat voorsien word en geen sigarette stompies op terrein.

2.5 verbreking van enige van die kamp terrein se reëls;

2.6 versuim om aan te meld as 'n besoeker of toegang tot kampplek sonder betaling of die perseel te gebruik in stryd met die doelstellings daarvan;

2.7 versuim om publieke rookwette na te kom of troeteldiere op die perseel te bring;

2.8 misbruik van alkohol of ander narkotiese middels;

Eikebos
CAMP SITE | KAMP TERREIN
Email: info@eikebos.co.za
Website: www.eikebos.co.za
GPS S 34° 09.000 | E 19° 32.524
Tel: 028 254 9753
Fax: 086 751 2027
Mobile: 0832752308
PO Box 200 Caledon 7230

3. TARIEWE EN BESPREKINGS

Geen bespreking sal geldig en/of afdwingbaar wees alvorens:

3.1 die besprekingsvorm nie voltooi is nie;

3.2 dit aan die bestuur besorg is by wyse van faks of per e-pos

3.3 deur die bestuur ontvang is nie;

3.4 die vereiste deposito en of vooruitbetaling soos vereis, nie deur die bestuur ontvang is nie.

3.5 'n Telefoniese bevestiging of per e-pos of faks, nie aan die besoeker gelewer is nie;

4. BETALING

50% van die koste van die totale verblyfrekening is betaalbaar as deposito en moet voor of op die keerdatum betaal word om die bespreking te bevestig.

Deposito's wat reeds betaal is, sal nie terugbetaal word indien die bespreking gekanselleer word nie.

Indien die besoeker moet kanselleer weens sterfte (of ander aanvaarbare redes waaroor die betrokkene geen beheer het nie), sal die deposito terug betaal word, SLEGS indien daar stawende bewyse verskaf kan word.

Geen geld word ook terugbetaal wanneer gaste die karavaanpark vroeër verlaat as wat bespreek is nie of uitgesit word weens verbreking van die kamp se reëls.

Betaling van deposito's moet geskied voor of op die keerdatum om die bespreking te bekragtig.

Versuim om die deposito voor of op die keerdatum te betaal, sal daartoe lei dat die bespreking sonder vooraf kennisgewig gekanselleer sal word.

Die uitstaande koste (na betaling van deposito) kan of vooraf betaal word of anders moet dit kontant betaal word by aankoms.

Betaling van ekstra voertuie of persone kan geskied by aankoms

Eikebos
CAMP SITE | KAMP TERREIN
Email: info@eikebos.co.za
Website: www.eikebos.co.za
GPS S 34° 09.000 | E 19° 32.524
Tel: 028 254 9753
Fax: 086 751 2027
Mobile: 0832752308
PO Box 200 Caledon 7230

5. AANKOMS EN VERTREK

Aankomstyd: 13:00 Vertrektyd: 11:00
Reëlings vir later vertrek tyd moet vooraf met bestuur getref word.

6. VERSUIM OM OP TE DAAG/ KANSELLASIE VAN BESPREKINGS

Deposito's wat reeds betaal is, sal nie terugbetaal word indien die bespreking gekanselleer word nie.
Indien die gebruiker nie binne 24 uur na bespreking opdaag nie, sal die staanplek sowel as enige betaling verbeur word en die bestuur geregtig wees om die staanplek aan 'n ander party toegeken.

7. VRYWARING

Besoek aan die perseel deur enige persoon en of hul besoekers, geskied op hul eie risiko en word die eienaar en /of bestuurder en/of hul verteenwoordigers gevrywaar teen enige eise van watter aard ookal, veroorsaak by wyse van hetsy diefstal, dood, besering, beskadiging of verlies van goedere van enige aard, brand, oormag, vloede, ander natuurrampe van watter aard ookal voortspruitend uit die gebruik, betreding, benutting en of aanwending van die perseel en /of van die perseel en fasiliteite, en sal die bestuur en of eienaar nie aanspreeklik gehou word vir enige verliese wat daaruit mag ontstaan nie.
Alle toerusting of geriewe swembad, swaaie ens.word op eie risiko gebruik Eikebos Kampterrein aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige beserings of skade wat mag voorspruit uit die gebruik daarvan nie en ook nie vir enige beserings of skade wat besoekers by die kamp sou opdoen nie.

8. ALGEMENE REëLS

Die persoon wat hierdie voorwaardes ontvang / die bespreking maak, onderneem om dit onder die aandag van al die lede van sy groep te bring en aanvaar aanspreeklikheid daarvoor dat al die lede van sy groep die bepalings hiervan nakom.

8.1 Opstel van kamppeerplek mag slegs onder akkerbome op die grond gedoen word
GEEN TENTE WORD TOEGELAAT OP DIE GRAS NIE, u word aanbeveel om `n grondseil te bring indien u nie daarvan hou om op grond op te slaan nie.Tente skuur die gras af agv gereëlde gebruik.Indien u nie hierdie reël na kom nie sal die bestuur verplig wees om u te vra om u tent te skuif.

Eikebos
CAMP SITE | KAMP TERREIN
Email: info@eikebos.co.za
Website: www.eikebos.co.za
GPS S 34° 09.000 | E 19° 32.524
Tel: 028 254 9753
Fax: 086 751 2027
Mobile: 0832752308
PO Box 200 Caledon 7230

8.2 Rapporteer asseblief alle oortredings by die bestuur, asook alle gebreke of foute wat op die terrein opgemerk mag word.Maak seker alle toerusting en fasiliteite word agtergelaat in goeie werkende orde.Breekkasie,vermiste items sal verhaal word van besoeker.

8.3 VUURMAAK WORD VERBIED DIREK ONDER AKKERBOME,GEEN VURE MAG GEMAAK WORD OP GRAS OF GROND NIE,gebruik braaidrom wat voorsien word of braai put by Lappa. Vure moet geblus word indien die wind baie sterk is, wanneer u gaan slaap of u kampplek verlaat.

8.4 GEEN DAG BESOEKERS WORD TOEGELAAT tensy spesiale reëlings met bestuur.
Indien bestuur besoeker toestemming verleen om n gas te ontvang gedurende die dag mag gas nie oorslaap nie en n dag fooi kan gehef word deur bestuur.

8.5 GEEN MUSIEK WORD TOEGELAAT OM TE SPEEL IN KAMPTERREIN.
IN DIE GEVAL VAN `N GROEP BESPREKING SAL MUSIEK SLEGS TOEGELAAT WORD IN DIE LAPA AREA EN GEEN MUSIEK NA 1HOO UUR EN SLEGS VIR 1 AAND. MUSIEK MAG OOK NET OP N HOORBARE VOLUME GESPEEL WORD -VOORAF REELINGS IS VERPLIGTEND OM TREF MET DIE BESTUUR IVM MUSIEK SE SPEEL
Ons wil graag hê ons besoeker moet hul self geniet, mede kamppers respekteer deur televisie en ander steurnisse tot n redelike aanvaarbaar norrem daarom "STILTE IN KAMP" vanaf 22H30

8.6 Hou asseblief die fasiliteite netjies en skoon na gebruik. Rook word onder geen omstandighede in die abblusie blokke toegelaat nie. Kinders onder die ouderdom van 10 jaar, moet deur 'n volwasse persoon vergesel word tydens die gebruik van die abblusie fasiliteite.
KINDERS MAG NIE SPEEL IN ABULSIE BLOK, IN DIE LAPA OF SWEMBAD AREA NIE

8.7 Geen leë bottles, houers of ander vullis (siggaret stompies) mag gestrooi word nie. Plaas dit asseblief in die houers wat vir die doel aangebring is.
8.8 GEEN TROETELDIERE WORD TOEGELAAT (onthou dit is n werkende plaas)

8.9 Ons bome word beskerm daarom mag dit nie beskadig word nie, pluk van blomme en plantmateriaal verbode; Bly asseblief uit die bosse siende dat hier kan slange wees. Sorg ook asseblief dat die kinders nie in die bosse speel nie.

8.10 SWEMBAD:
Daar mag nie in die swembad geëet of gedrink word nie.
Geen glasbottels ens. word in of om die swembad toegelaat nie.
Geen Braai of voorbereiding van kos mag by swembad area plaasvind nie

Eikebos
CAMP SITE | KAMP TERREIN
Email: info@eikebos.co.za
Website: www.eikebos.co.za
GPS S 34° 09.000 | E 19° 32.524
Tel: 028 254 9753
Fax: 086 751 2027
Mobile: 0832752308
PO Box 200 Caledon 7230

GEEN GEBRUIK VAN OPBLAAS MATRASSE,BUITEBANDE IN SWEMBAD swembad is slegs daar om in aftekoel.Ons het water beperkings en het nie water om swembad aan te vul nie.
SWEMBAD HEK MOET TEN ALLE TYE TOE GEHOU WORD EN DAAR MAG NIE BY SELF TOEMAAK SPRING VAN HEK GEPEUTER WORD NIE.
NIEMAND MAG OOR SWEMBAD HEK, BO OOR OF OP MURE OM SWEMBAD KLOUTER NIE.
SWEMBAD REëLS IS OP SWEMBAD HEK AANGEBRING - BESTUUR BEHOU DIE REG VAN TOEGANG OM ENIGE PERSOON/PERSONE WAT NIE DIE SWEMBAD REë LS NAKOM NIE TOEGANG TOT SWEMBAD TE WEIER EN VERDER GEREGTIG WEES OM UITSETTING EN SWEMBAD TE SLUIT.

8.11 Swembad mag nie na 20h30 gebruik word nie.

8.12 Moenie enige alkohol agterlaat of vir die werkers gee nie asseblief.

8.13 Kru taalgebruik soos vloek- en skelwoorde word nie toegelaat nie.

DIT IS DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN OUERS /TOESIGHOUERS OM BEHOORLIK TOESIG TE HOU OOR BABAS,KLEUTERS EN KINDERS TEN ALLE TYE.

GEEN:

"Quadbikes", motorfietse(tensy dit u voertuig is waarmee u kom kamp word nie toegelaat om op plaas mee rond te ry of in kampplek nie) of ongelisensieerde voertuie mag in die kamp bestuur word nie

Vuurwapens, windbukse, pyl en boë, ketties en vuurwerke

Klim oor drade,mure of hekke is verbode.